PERSVERKLARING – 24 JUNIE 2009

SUIDWES BEHAAL SY GROOTSTE WINS IN 100 JAAR!!!

Suidwes lewer weer beste wins ooit.

Die Suidwes landboubesigheid groep, met sy hoofkantoor te Leeudoringstad, het ten spyte van die veranderde landboubesigheidsomgewing en minder gunstige klimaatstoestande daarin geslaag om vir die vierde agtereenvolgende jaar sy beste wins tot nog toe te verbeter.

Volgens mnr. Fanie van Zyl, Voorsitter van die Direksie, is dit die gevolg van die inherente krag en vermoë wat oor die afgelope jare in Suidwes gevestig is. Die prestasie is bewys daarvan dat Suidwes die regte strategie en besigheidsfilosofie in plek het en dat dit suksesvol geïmplementeer word. Dit is ook moontlik gemaak deur die ondersteuning wat Suidwes geniet het van klante wat besef dat hulle waarde vir geld kry en dat aan hul spesifieke behoeftes voldoen word as hulle met Suidwes besigheid doen. Verskeie aksies is in plek om seker te maak dat klante goeie diens ontvang en die bestuur is toeganklik vir enige klant om te verseker dat probleme dadelik aangespreek word.

Hoogtepunte van die 2008/2009-finansiële resultate is soos volg:

- Verdienste per aandeel styg met 7.5%.
- Dividende styg met 20%.
- Netto batewaarde per aandeel styg met 20.7%.
- Opbrengs op aandeelhouersfondse van 24.9% is behaal.

Vir meer besonderhede besoek www.suidwes.co.za.